Onvoorsiene laste word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer 'n moontlike verpligting uit gebeure in die verlede kan voortspruit, en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word wanneer een of meer onbepaalde gebeure waarvoor die departement nie beheer het nie, plaasvind of nie plaasvind nie of wanneer daar 'n verpligting is wat nie erken word nie omdat dit onwaarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne nodig sal wees om die verpligting na te kom of wanneer die bedrag van die verpligting nie betroubaar gemeet kan word nie.

17.3 Onvoorsiene bates

Onvoorsiene bates word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer 'n moontlike bate uit gebeure in die verlede voortspruit, en waarvan die bestaan bevestig sal word wanneer een of meer onbepaalde gebeure buite die departement se beheer in die toekoms plaasvind of nie plaasvind nie.

17.4 Verpligtinge

Verpligtinge (uitgesonder oordragte en subsidies) word teen kosprys in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer daar 'n kontraktuele reëling is of goedkeuring deur bestuur verleen is op 'n wyse wat 'n geldige verwagting skep dat die departement sy verantwoordelikhede sal nakom en sodoende toekomstige uitgawes sal aangaan wat die uitvloeï van kontant tot gevolg sal hê.

18 Ongemagtigde uitgawes

Ongemagtigde uitgawes word in die staat van finansiële posisie erken tot tyd en wyl die uitgawes:

- deur die parlement of die provinsiale wetgewer met befondsing goedgekeur en die tersaaklike fondse ontvang word; of
- sonder befondsing deur die parlement of die provinsiale wetgewer goedgekeur word en teen die begroting in die staat van finansiële prestasie afgeskryf word; of

DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018

- na ontvangbare rekeninge vir verhaling oorgedra word.
Ongemagtigde uitgawes word gemeet teen die bedrag van die bevestigde ongemagtigde uitgawe.
- 19 Vrugtelose en verkwistende uitgawes**
- Vrugtelose en verkwistende uitgawes word, wanneer bevestig, in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken. Die bedrag wat aangeteken word, is gelyk aan die totale waarde van die vrugtelose en verkwistende uitgawe wat aangegaan is.
- Vrugtelose en verkwistende uitgawes word uit die aantekeninge tot die finansiële state verwyder wanneer dit opgelos of na ontvangbare rekeninge vir verhaling oorgedra word.
- Ontvangbare rekeninge vir vrugtelose en verkwistende uitgawes word gemeet teen die bedrag wat na verwagting verhaal sal word en word teruggeskryf wanneer verhaal of wanneer dit as onverhaalbaar afgeskryf word.
- 20 Onreëlmatige uitgawes**
- Onreëlmatige uitgawes word, wanneer bevestig, in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken. Die bedrag wat aangeteken word, is gelyk aan die waarde van die onreëlmatige uitgawe wat aangegaan is, tensy dit prakties nie bepaal kan word nie, in welke geval redes daarvoor in die aantekeninge verstrekkend word.
- Onreëlmatige uitgawes word uit die aantekeninge verwyder wanneer dit of deur die tersaaklike gesag gekondoneer of vir verhaling na ontvangbare rekeninge oorgedra word of nie gekondoneer en nie verhaalbaar is nie.
- Ontvangbare rekeninge vir onreëlmatige uitgawes word gemeet teen die bedrag wat na verwagting verhaal sal word en word teruggeskryf wanneer verhaal of wanneer dit as onverhaalbaar afgeskryf word.
- 21 Veranderings aan rekeningkundige beleide, rekeningkundige ramings en foute**
- Veranderings aan rekeningkundige beleide wat deur bestuur bekragtig is, is ooreenkomstig die aangepastekontantstandaard se vereistes terugwerkend toegepas, behalwe namate die tydperk-spesifieke uitwerkings of die kumulatiewe effek van die verandering in beleid nie prakties bepaal kan word nie. In sulke gevalle sal die departement die beginsaldo's van bates, laste en netto bates heraangee vir die vroegste tydperk waarvoor sulke saldo's prakties terugwerkend heraangegeen kan word.
- Veranderings aan rekeningkundige beramings word ooreenkomstig die aangepastekontantstandaard se vereistes vooruitwerkend aangegee.
- Regstelling van foute word ooreenkomstig die vereistes van die aangepastekontantstandaard terugwerkend toegepas in die tydperk waarin die fout opgeduik het, behalwe in die mate waartoe die tydperk-spesifieke uitwerkings of kumulatiewe effek van die fout nie prakties bepaal kan word nie. In sulke gevalle sal die departement die beginsaldo's van bates, laste en netto bates heraangee vir die vroegste tydperk waarvoor sulke saldo's prakties terugwerkend heraangegeen kan word.
- 22 Gebeure na verslagdatum**
- Gebeure na die verslagdatum wat as aansuiweringsgebeure geklassifiseer word, is in die finansiële state in berekening gebring. Die gebeure na die verslagdatum wat as nie-aansuiweringsgebeure geklassifiseer word, word in die aantekeninge tot die finansiële state openbaar gemaak.
- 23 Prinsipaal-agent-reëlings**
- Die departement tree as 'n prinsipaal op wanneer dit die mag het om voordelige beheer oor 'n aktiwiteit

DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018

uit te oefen. Die departement het voordelige beheer wanneer dit beide die mag het om die aktiwiteit te rig, en die vermoë het om by daardie mag te baat. In die openbare sektor kan “voordele” uit ekonomiese voordele, dienspotensiaal of albei bestaan. Aktiwiteite, in hierdie konteks, sal bestaan uit gebeure, take of prosesse wat 'n vloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal tussen die departement en ander partye tot gevolg het.

Waar die departement as 'n prinsipaal optree, word die volgende as deel van die primêre finansiële inligting in die aantekeninge tot die finansiële state openbaargemaak: Die totale betalings wat aan sy agente gemaak is (waar van toepassing) gedurende die tydperk; en 'n verduideliking oor die aard, omstandighede en bepalinge verwant aan die ooreenkomste.

Waar 'n departement as 'n agent vir 'n ander departement of openbaresektor-entiteit optree, sal die volgende as deel van die primêre finansiële inligting openbaargemaak word in die aantekeninge in die finansiële state: 'n Rekonsiliasie tussen totale agentskapsfondse ontvang en uitbetalings gemaak in die uitvoering van agentskapsdienste; 'n verduideliking van verskille tussen bedrae bestee namens die ander party, en enige terugbetalings ontvang in die verslagtydperk; enige inkomste verdien uit die lewering van die agentskapsdiens, en die inkomstebedrag erken gegrond op kontantontvangste gedurende die verslagtydperk; 'n narratiewe beskrywing en verduideliking van bates wat aan die ander entiteit behoort wat onder kuratorskap van die departement gehou word, en 'n verduideliking van die aard, omstandighede en voorwaardes verwant aan die reëlings.

24 Kapitaliseringsreserwe

Die kapitaliseringsreserwe omvat finansiële bates en/of laste wat uit 'n vorige verslagtydperk voortspruit maar wat in die huidige verslagtydperk in die staat van finansiële posisie erken word. Bedrae word in die kapitaliseringsreserwe erken wanneer dit in die huidige tydperk erken word en word na die provinsiale inkomstefonds oorgedra wanneer die onderliggende bate vervreem en die verbandhoudende fondse ontvang word.

25 Verhaalbare inkomste

Bedrae word as verhaalbare inkomste erken wanneer 'n betaling wat in 'n vorige boekjaar gemaak is in die huidige boekjaar van 'n debiteur verhaalbaar is. Bedrae word of na die provinsiale inkomstefonds oorgedra wanneer verhaal, of na die staat van finansiële prestasie wanneer afgeskryf.

26 Verwanteparty-transaksies

'n Verwanteparty-transaksie is 'n oordrag van hulpbronne, dienste of verpligtinge tussen die rapporterende entiteit en 'n verwante party. Verwanteparty-transaksies binne die portefeulje van die minister/LUR word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer die transaksie nie sonder bevoorregting is nie.

Sleutelbestuurspersoneel is daardie persone wat die gesag en verantwoordelikheid het om die departement se aktiwiteite te beplan, te lei en te beheer. Die getal individue en hulle totale vergoeding word in die aantekeninge tot die finansiële state aangegee.

27 Voorrade (geldig vanaf 'n datum wat in 'n Tesourie-instruksie bepaal is)

Op die datum van verkryging word voorrade teen kosprys in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken.

Waar voorraad bekom word as deel van 'n neutruiltransaksie is die kosprys van voorraad die billike waarde daarvan op die datum van verkryging.

Voorraad word daarna gemeet teen kosprys of netto realiseerbare waarde (wat ook al die laagste) of waar dit bedoel is vir verspreiding (of in die produksie van goedere vir verspreiding verbruik word) teen geen of 'n nominale heffing, teen koste of huidige vervangingswaarde (wat ook al die laagste).

Die kosprys van voorraad word met behulp van die gewoegdegemiddeldbasis bepaal.

28 Openbare-private-vennootskappe

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

Daar word van openbare-private-vennootskappe rekenskap gegee gegrond op die aard en/of die omvang van die vennootskap. Daar word van die transaksie rekenskap gegee in ooreenstemming met die toepaslike rekeningkundige beleide.

'n Opsomming van die beduidende bepalings van die OPV-ooreenkoms, die partye tot die ooreenkoms, en die aanvangsdatum daarvan tesame met 'n beskrywing en die aard van die konsessiegelde ontvang, die unitêre gelde betaal, en die regte en verpligtinge van die departement word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken.

29 Werknemervoordele

Die waarde van elke hoofklas werknemers se werknemervoordeleverpligtinge (opgelope bedrae, betaalbare rekeninge nie erken nie en voorsienings) word in die aantekening oor werknemervoordele openbaargemaak.

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

DEEL B: VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE

1. Jaarlikse Begroting

1.1 Jaarlikse Begroting

Ingesluit is fondse waarvoor ingevolge die Begrotingswet (en die Begrotingaansuiweringswet) vir provinsiale departemente begroot is:

	2017/18			2016/17	
	Finale begroting	Werklike fondse ontvang	Fondse nie versoek nie/ nie ontvang nie	Finale begroting	Begroting ontvang
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	174 981	174 981	-	165 468	165 468
Openbarewerke- infrastruktuur	1 866 836	1 866 836	-	1 731 166	1 731 166
Vervoerinfrastruktuur	3 438 947	3 438 947	-	3 256 339	3 256 339
Vervoerbedrywe	1 212 071	1 212 071	-	1 189 556	1 189 556
Vervoerregulering	801 912	801 912	-	690 725	690 725
Gemeenskapsgebaseerde programme	53 841	53 841	-	59 410	59 410
Totaal	7 548 588	7 548 588	-	7 092 664	7 092 664

1.2 Voorwaardelike toekennings

	Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Totale toekennings ontvang	32	1 879 462	1 716 320

2. Departementele inkomste

	Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Belastinginkomste		1 572 067	1 433 664
Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates	2.1	127 679	113 723
Boetes, strafboetes en verbeurings	2.2	1 602	1 307
Rente, dividende en verhuring van grond	2.3	984	1 976
Verkoop van kapitaalbates	2.4	475	3 369
Transaksies in finansiële bates en laste	2.5	16 407	24 194
Oordrag ontvang	2.6	3 000	6 765
Totale inkomste geïen		1 722 214	1 584 998
Min: Eie inkomste by begroting ingesluit	13	(1 493 199)	(1 381 218)
Departementele inkomste geïen		229 015	203 780

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

2.1	Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates			
		Aant.	2017/18	2016/17
		2	R'000	R'000
	Verkoop van goedere en dienste deur die departement geproduseer		127 639	112 842
	Verkope deur markinstansie		88 127	68 206
	Administratiewe gelde		36 304	41 154
	Ander verkope		3 208	3 482
	Verkoop van skroot, afval en ander gebruikte goedere		40	881
	Totaal		127 679	113 723
2.2	Boetes, strafboetes en verbeurings			
		Aant.	2017/18	2016/17
		2	R'000	R'000
	Boetes – Skutgelde		1 602	1 307
	Totaal		1 602	1 307
2.3	Rente, dividende en verhuring van grond			
		Aant.	2017/18	2016/17
		2	R'000	R'000
	Rente		984	1 976
	Totaal		984	1 976
2.4	Verkoop van kapitaalbates			
		Aant.	2017/18	2016/17
		2	R'000	R'000
	Tasbare bates		475	3 369
	Geboue en ander vaste strukture	29.2	475	414
	Masjinerie en toerusting	27.2	-	2 955
	Totaal		475	3 369
2.5	Transaksies in finansiële bates en laste			
		Aant.	2017/18	2016/17
		2	R'000	R'000
	Ontvangbare rekeninge		928	531
	Ander Ontvangste insluitend Verhaalbare Inkomste		15 479	23 663
	Totaal		16 407	24 194

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

2.6	Oordragte ontvang	Aant.	2017/18	2016/17
		2	R'000	R'000
	Ander regeringseenhede		3 000	697
	Openbare korporasies en private ondernemings		-	6 068
	Totaal		3 000	6 765
<hr/>				
3.	Vergoeding van werknemers			
<hr/>				
3.1	Salarisse en Lone	Aant.	2017/18	2016/17
			R'000	R'000
	Basiese salaris		532 503	506 166
	Prestasietoekenning		7 901	6 512
	Diensgebaseer		1 704	1 013
	Vergoedend/omstandigheid		22 015	18 293
	Periodieke betalings		1 126	1 590
	Ander niepensioendraende toelaes		102 741	101 660
	Totaal		667 990	635 234
<hr/>				
3.2	Maatskaplike bydraes	Aant.	2017/18	2016/17
			R'000	R'000
	Werkgewerbydraes			
	Pensioen		65 653	61 415
	Medies		42 408	40 216
	Bedingingsraad		179	166
	Totaal		108 240	101 797
<hr/>				
	Totale vergoeding van werknemers		776 230	737 031
<hr/>				
	Gemiddelde getal werknemers		2 184	2 215
<hr/>				

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

4. Goedere en dienste

	Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Administratiewe gelde		335 420	296 789
Advertensies		21 384	20 303
Geringe bates	4.1	3 795	7 602
Beurse (werknemers)		1 525	1 104
Spyseniering		1 409	1 295
Kommunikasie		5 702	6 737
Rekenaardienste	4.2	42 892	63 649
Konsultante: Besigheids- en adviesdienste		362 721	174 358
Infrastruktuur en beplanningsdienste		42 802	27 085
Laboratoriumdienste		7	46
Regsdienste		15 478	11 607
Kontrakteurs		441 009	411 512
Agentskap- en ondersteuningsdienste/uitbestede dienste		27 267	29 078
Onthaal		28	21
Ouditkoste – ekstern	4.3	13 026	10 754
Vlootdienste		52 336	48 434
Inventaris	4.4	7 516	10 536
Verbruiksgoedere	4.5	55 111	40 387
Bedryfsbruikhuurooreenkomste		167 878	169 973
Eiendomsbetalings	4.6	511 083	393 534
Huur en verhuring		23	18
Reis en verblyf	4.7	24 875	26 448
Lokale en fasiliteite		790	292
Opleiding en ontwikkeling		12 778	12 710
Ander bedryfsuitgawes	4.8	3 638	3 560
Totaal		2 150 493	1 767 832

4.1 Geringe bates

	Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
	4		
Tasbare bates			
Masjinerie en toerusting		3 795	7 602
Totaal		3 795	7 602

4.2 Rekenaardienste

	Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
	4		
SITA-rekenaardienste		1 799	1 603
Eksterne verskaffers van rekenaardienste		41 093	62 046
Totaal		42 892	63 649

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

4.3	Ouditkoste – Ekstern			
		Aant.	2017/18	2016/17
		4	R'000	R'000
	Reëlmatigheidsoudits		12 660	10 547
	Rekenaaroudits		366	207
	Totaal		13 026	10 754
4.4	Voorraad			
		Aant.	2017/18	2016/17
		4	R'000	R'000
	Ander voorrade		7 516	10 536
	Totaal	4.4.1	7 516	10 536
4.4.1	Ander voorrade			
		Aant.	2017/18	2016/17
			R'000	R'000
	Ammunisie en sekuriteitsvoorrade		230	-
	Bates vir verspreiding			
	Ander bates vir verspreiding		7 286	10 536
	Totaal	4.4	7 516	10 536
4.5	Verbruiksgoedere			
		Aant.	2017/18	2016/17
		4	R'000	R'000
	Verbruiksvoorraad		40 908	25 163
	Uniforms en klerasie		9 836	3 010
	Huishoudelike voorrade		1 643	1 684
	Boumateriale en -voorrade		27 079	18 265
	Kommunikasietoehore		176	-
	IT-verbruiksgoedere		146	108
	Ander verbruiksgoedere		2 028	2 096
	Skryfbehoeftes, drukwerk en kantoorvoorrade		14 203	15 224
	Totaal		55 111	40 387
4.6	Eiendomsbetalings			
		Aant.	2017/18	2016/17
		4	R'000	R'000
	Munisipale dienste		112 539	135 005
	Eiendomsbestuursgelde		6 106	5 672
	Eiendomsinstandhouding en -herstelwerk		248 073	182 872
	Ander		144 365	69 985
	Totaal		511 083	393 534

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

4.7	Reis en verblyf			
		Aant.	2017/18	2016/17
		4	R'000	R'000
	Plaaslik		24 662	25 813
	Buiteland		213	635
	Totaal		<u>24 875</u>	<u>26 448</u>
4.8	Ander bedryfsuitgawes			
		Aant.	2017/18	2016/17
		4	R'000	R'000
	Professionele liggame, lidmaatskap en inskrywingsgelde		171	105
	Hervestigingskoste		224	159
	Ander		3 243	3 296
	Totaal		<u>3 638</u>	<u>3 560</u>
5.	Rente en huurgeld op grond			
		Aant.	2017/18	2016/17
			R'000	R'000
	Rente betaal		19	34
	Totaal		<u>19</u>	<u>34</u>
6.	Betalings vir finansiële bates			
		Aant.	2017/18	2016/17
			R'000	R'000
	Ander wesentliche verliese afgeskryf	6.1	1 548	1 108
	Skuld afgeskryf	6.2	527	850
	Totaal		<u>2 075</u>	<u>1 958</u>
6.1	Ander wesentliche verliese afgeskryf			
		Aant.	2017/18	2016/17
		6	R'000	R'000
	Aard van verliese			
	Skade aan en verliese van staatsmotorvervoervoertuie (50 gevalle)		318	498
	Skade aan en verliese van padbou- en -instandhoudingstoerusting (117 gevalle)		1 162	565
	Ander verliese – sleutels/skade aan privaat voertuie (4 gevalle)		66	15
	Skade aan gehuurde voertuie (1 geval)		2	30
	Totaal		<u>1 548</u>	<u>1 108</u>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

6.2 Skuld afgeskryf

	Aant.	2017/18	2016/17
	6	R'000	R'000
Aard van skuld afgeskryf			
Verhaalbare inkomste afgeskryf			
Skuld: Voormalige werknemers (3 gevalle)		1	40
Ander (2 gevalle)		186	-
Skuld – beurse (1 geval)		126	-
Totaal		<u>313</u>	<u>40</u>
Ander skuld afgeskryf			
*Ander Skuld (7 gevalle)		87	104
Skuld – Beurse (1 geval)		104	328
Skuld – Voormalige werknemers (4 gevalle)		23	378
Totaal		<u>214</u>	<u>810</u>
Totale skuld afgeskryf		<u><u>527</u></u>	<u><u>850</u></u>

*Ander skuld afgeskryf – hou hoofsaaklik verband met skade aan skutreeëlings en die skoonmaak van padoppervlaktes.

7. Oordragte en subsidies

	Aant.	2017/18	2016/17
		R'000	R'000
Provinsies en munisipaliteite	Bylae 1A	700 599	724 556
Departementele agentskappe en rekeninge	Bylae 1B	15	58
Openbare korporasies en private ondernemings	Bylae 1C	922 921	873 298
Huishoudings	Bylae 1D	16 942	14 379
Totaal		<u><u>1 640 477</u></u>	<u><u>1 612 291</u></u>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

8. Besteding aan kapitaalbates

	Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Tasbare bates		2 903 294	2 888 246
Geboue en ander vaste strukture	29.1	2 754 484	2 789 854
*Masjinerie en toerusting	27.1	122 700	86 402
Grond en ondergrondse bates	29.1	26 110	11 990
Ontasbare bates		31 032	21 316
Sagteware	28.1	31 032	21 316
Totaal		2 934 326	2 909 562

*Ingesluit by Masjinerie en toerusting is 'n voorskot ten bedrae van R20 miljoen wat betaal is en wat verband hou met motorvoertuigtoerusting vir verkeerswetstoepassing.

8.1 Ontleding van fondse benut om kapitale bates te bekom – 2017/18

	Begrote fondse R'000	Bystandshulp R'000	Totaal R'000
Tasbare bates	2 903 294	-	2 903 294
Geboue en ander vaste strukture	2 754 484	-	2 754 484
Masjinerie en toerusting	122 700	-	122 700
Grond en ondergrondse bates	26 110	-	26 110
Ontasbare bates	31 032	-	31 032
Sagteware	31 032	-	31 032
Totaal	2 934 326	-	2 934 326

8.2 Ontleding van fondse benut om kapitale bates te bekom – 2016/17

	Begrote fondse R'000	Bystandshulp R'000	Totaal R'000
Tasbare bates	2 888 246	-	2 888 246
Geboue en ander vaste strukture	2 789 854	-	2 789 854
Masjinerie en toerusting	86 402	-	86 402
Grond en ondergrondse bates	11 990	-	11 990
Ontasbare bates	21 316	-	21 316
Sagteware	21 316	-	21 316
Totaal	2 909 562	-	2 909 562

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

8.3 Besteding aan finansieringsooreenkomste wat by besteding aan kapitaalbates ingesluit is

	Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Tasbare bates			
Masjinerie en toerusting		27 181	26 475
Totaal		<u>27 181</u>	<u>26 475</u>

9. Kontant en kontantekwivalente

	Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Gekonsolideerde Betaalmeestergeneraalrekening		152 526	169 742
Kontantontvangste		(23)	-
Uitbetalings		(26 305)	(37 488)
Kontant voorhande		5	5
Totaal		<u>126 203</u>	<u>132 259</u>

10. Vooruitbetalings en voorskotte

	Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Reis en verblyf		85	102
Voorskotte betaal (nie as ontkoste gehanteer nie)	10.1	15 694	18 413
Totaal		<u>15 779</u>	<u>18 515</u>

10.1 Voorskotte betaal (nie as ontkoste gehanteer nie)

	Aant.	Saldo soos op 1 April 2017 R'000	Min: Bedrag as onkoste gehanteer in lopende jaar R'000	Tel by: Voorskotte in lopende jaar R'000	Saldo soos op 31 Maart 2018 R'000
Distriksmunisipaliteite	Bylae 7	18 413	(5 794)	3 075	15 694
Totaal		<u>18 413</u>	<u>(5 794)</u>	<u>3 075</u>	<u>15 694</u>

10.2 Voorskotte betaal (as ontkoste gehanteer)

	Aant.	Saldo soos op 1 April 2017 R'000	Min: Bedrag as onkoste gehanteer in lopende jaar R'000	Tel by: Voorskotte in lopende jaar R'000	Saldo soos op 31 Maart 2018 R'000
Staatsmotorvervoer	8	-	-	20 000	20 000
Totaal		<u>-</u>	<u>-</u>	<u>20 000</u>	<u>20 000</u>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

11. Ontvangbare rekeninge

		2017/18			2016/17		
		Lopend	Nie-lopend	Totaal	Lopend	Nie-lopend	Totaal
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	Aant.						
Eise verhaalbaar	11.1	21 953	-	21 953	4 508	-	4 508
Verhaalbare uitgawes	11.2	2 267	-	2 267	2 090	-	2 090
Personeelskuld	11.3	4 603	399	5 002	4 210	329	4 539
Totaal		28 823	399	29 222	10 808	329	11 137

11.1 Eise verhaalbaar

		Aant.	2017/18	2016/17
		11	R'000	R'000
Nasionale departemente	Bylae 3		34	-
Provinsiale departemente	Bylae 3		17 081	1 513
Openbare entiteite	Bylae 3		2 971	2 696
Huishoudings en instansies sonder winsoogmerk			181	246
Plaaslike regerings			1 686	53
Totaal			21 953	4 508

11.2 Verhaalbare uitgawes (weieringsrekeninge)

		Aant.	2017/18	2016/17
		11	R'000	R'000
Weiering: Diverse			26	39
Weiering: Skade en verliese			2 241	2 036
Weiering: Tjeks geweier			-	15
Totaal			2 267	2 090

11.3 Personeelskuld

		Aant.	2017/18	2016/17
		11	R'000	R'000
Personeelskuld/voormalige werknemers/beursskuld			4 985	4 536
Belastingskuld op salarisse			1	1
Salarisse: Mediese hulpskuld			5	-
Salarisse: Pensionfonds			11	-
Salarisaftrekkings: weieringsrekeninge			-	2
Totaal			5 002	4 539

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

11.4 Verswakking van ontvangbare rekeninge

	Aant.	2017/18	2016/17
		R'000	R'000
*Beraamde verswakking van ontvangbare rekeninge	11	3 401	2 678
Totaal		3 401	2 678

*Die verswakking word gegrond op debiteure wat aan die staatsprokureur en regsdiens vir verhaling oorhandig is.

12. Begrote fondse wat aan die Inkomstefonds oorbetal moet word

	Aant.	2017/18	2016/17
		R'000	R'000
Aanvangsaldo		63 956	90 880
Oordrag vanaf Staat van Finansiële Prestasie		44 968	63 956
Gedurende die jaar betaal		(63 956)	(90 880)
Eindsaldo		44 968	63 956

13. Departementele inkomste wat aan die Inkomstefonds oorbetal moet word

	Aant.	2017/18	2016/17
		R'000	R'000
Aanvangsaldo		69 586	45 490
Oordrag vanaf Staat van Finansiële Prestasie		229 015	203 780
Eie inkomste by begroting ingesluit		1 493 199	1 381 218
Gedurende die jaar betaal		(1 682 445)	(1 560 902)
Eindsaldo		109 355	69 586

14. Betaalbare rekeninge – lopend

	Aant.	2017/18	2016/17
		R'000	R'000
Verrekeningsrekeninge	14.1	48	14
Ander betaalbare rekeninge	14.2	13 626	25 230
Totaal		13 674	25 244

14.1 Verrekeningsrekening

	Aant.	2017/18	2016/17
		R'000	R'000
Salarisse: Terugbetalings van staat se werknemerbehuisingsfonds	14	36	14
Salarisse: Inkomstebelasting		12	-
Totaal		48	14

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

14.2 Ander betaalbare rekeninge

	Aant.	2017/18	2016/17
	14	R'000	R'000
Tenderdeposito		-	13 500
Nasionale Vaardigheidsfonds		3 056	3 428
Waarborge vir rehabilitasie		2 843	3 394
ENavis (administratiewe gelde)		7 727	4 908
Totaal		13 626	25 230

15. Netto kontantvloei beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite

	Aant.	2017/18	2016/17
		R'000	R'000
Netto oorskot/(tekort) soos per Staat van Finansiële Prestasie		273 983	267 736
Tel nie-kontant/kontantbewegings terug wat nie as bedryfsaktiwiteite beskou word nie		2 653 730	2 629 962
(Styging)/daling in ontvangbare rekeninge – lopend		(18 085)	47
(Styging)/daling in vooruitbetalings en voorskotte		2 736	(5 877)
Styging/(daling) in betaalbare rekeninge – lopend		(11 570)	163
Opbrengste uit verkoop van kapitaalbates		(475)	(3 369)
Besteding aan kapitaalbates		2 934 326	2 909 562
Oorbetalings aan inkomstefonds		(1 746 401)	(1 651 782)
Eie inkomste by begroting ingesluit		1 493 199	1 381 218
Netto kontantvloei voortgebring deur bedryfsaktiwiteite		2 927 713	2 897 698

16. Rekonsiliasie van kontant en kontantekwivalente vir kontantvloeidoeleindes

	Aant.	2017/18	2016/17
		R'000	R'000
Gekonsolideerde Betaalmeestergeneraalrekening		152 526	169 742
Kontantontvangste		(23)	-
Uitbetalings		(26 305)	(37 488)
Kontant voorhande		5	5
Totaal		126 203	132 259

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

17. Onvoorsiene laste en Onvoorsiene bates

17.1 Onvoorsiene laste

		Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Verskuldig aan	Aard			
Waarborge vir behuisingslenings	Werknemers	Bylae 2A	75	75
Ander waarborge	Waarborge vir gruisgroewe	Bylae 2A	14 749	14 749
Private individue	Eise teen die departement	Bylae 2B	71 651	54 421
Verskillende departemente	Betaalbare interregeringsrekeninge (onbevestigde saldo's)	Bylae 4	2 999	5 412
Totaal			89 474	74 657

Ander waarborge verteenwoordig die waarborge wat die departement verskaf vir die rehabilitasie van gruisgroewe slegs as die departement nie die kontrak nakom nie.

Alle sake wat na regsdiens en die staatsprokureur verwys is, is as onvoorsiene laste ingesluit aangesien die uitkomst van alle onafgehandelde sake onseker is.

Alle onbevestigde saldo's op betaalbare interregeringsrekeninge is by die rekening ingesluit aangesien die departement teen jaareinde nie met die uitstaande saldo's saamgestem het nie.

Onvoorsiene bates

Daar is 10 PILIR-sake wat tans ondersoek word en, soos op 31 Maart 2018, nog nie deur die departement van die premier afgehandel is nie.

In hierdie stadium kan die departement nie die onvoorsiene bate van die individueel- gekoppelde besparingsfasiliteit (ILSF) ooreenkomstig die staat se werknemerbehuisingskema, verwant aan bedankings en beëindiging van diens, betroubaar meet nie.

18. Verpligtinge

		Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Lopende uitgawes				
Goedgekeur en gekontrakteer			424 986	380 848
Goedgekeur maar nog nie gekontrakteer nie			-	34 304
			424 986	415 152
Kapitaalluitgawes				
Goedgekeur en gekontrakteer			2 413 170	2 873 398
Goedgekeur maar nog nie gekontrakteer nie			-	190 702
			2 413 170	3 064 100
Totale verpligtinge			2 838 156	3 479 252

Kapitaalluitgawes: Ingesluit by die verpligtinge is 75 kapitaalprojekte wat ná een jaar voltooi sal wees.

Lopende uitgawes: Ingesluit by die verpligtinge is 21 skoonmaakprojekte wat ná een jaar voltooi sal wees.

19. Opgelope bedrae en betaalbare rekeninge nie erken nie

19.1 Opgelope bedrae

2017/18
R'000

2016/17
R'000

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

Gelys per ekonomiese klassifikasie

	30 dae	30+ dae	Totaal	Totaal
Goedere en dienste	40 380	-	40 380	65 748
Rente en huurgeld op grond	23	-	23	-
Oordragte en subsidies	1 008	-	1 008	3 175
Kapitaalbaties	63 864	-	63 864	180 962
Totaal	105 275	-	105 275	249 885

	Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Gelys per programvlak			
Program 1: Administrasie		2 024	6 664
Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur		28 882	46 694
Program 3: Vervoerinfrastruktuur		68 408	178 990
Program 4: Vervoerbedrywe		191	654
Program 5: Vervoerregulering		5 511	16 828
Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme		259	55
Totaal		105 275	249 885

Die wesentliche opgelope bedrae verteenwoordig die voortsetting van kapitaalprojekte gedurende Maart 2018 wat tot gevolg gehad het dat betalings na jaareinde gemaak is.

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

19.2 Betaalbare rekeninge nie erken nie

			2017/18 R'000	2016/17 R'000
Gelys per ekonomiese klassifikasie				
	30 dae	30+ dae	Totaal	Totaal
Goedere en dienste	11 914	13	11 927	6 672
Oordragte en subsidies	14	-	14	-
Kapitaalbates	275	-	275	44 695
Totaal	12 203	13	12 216	51 367
		Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Gelys per programvlak				
Program 1: Administrasie			343	98
Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur			10 851	2 072
Program 3: Vervoerinfrastruktuur			51	48 280
Program 4: Vervoerbedrywe			19	2
Program 5: Vervoerregulering			451	651
Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme			501	264
Totaal			12 216	51 367
		Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Ingesluit by die bogenoemde totale is die volgende:				
Bevestigde saldo's by die departemente		Bylae 4	498	2 382
Bevestigde saldo's by ander staatseenhede		Bylae 4	3 127	3 782
Totaal			3 625	6 164

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

20. Werknemervoordele

	Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
*Reg op verlof		24 902	24 731
Diensbonus (dertiende tjek)		19 314	18 162
Prestasietoekennings		9 058	7 300
Boperkverlofverpligtinge		23 778	26 598
**Ander		4 209	3 220
Totaal		81 261	80 011

*Negatiewe verlofbedrae vir 2017/18 van R1,929 miljoen is nie ingesluit by voorsiening vir reg op verlof nie.

**Op hierdie stadium kan die departement nie die langtermyn-gedeelte van die langdienstoekennings betroubaar meet nie.

Ingesluit by Ander is opgelope bedrae ten opsigte van werknemervergoeding.

21. Bruikhuurverpligtinge

21.1 Besteding aan bedryfsbruikhuurooreenkomste

	Geboue en ander vaste strukture R'000	Masjinerie en toerusting R'000	Totaal R'000
2017/18			
Nie later as 1 jaar nie	100 526	3 224	103 750
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	159 544	1 803	161 347
Later as 5 jaar	21 661	-	21 661
Totale bruikhuurverpligtinge	281 731	5 027	286 758

Bruikhuurverpligtinge vir eiendomme word bereken gegrond op 'n kontraktuele verpligting tussen die departement en die verhuurders.

Die huurooreenkomste het 'n eskalاسie van tussen 0% en 10%. Die Departement huur tans 142 fasiliteite.

	Geboue en ander vaste strukture R'000	Masjinerie en toerusting R'000	Totaal R'000
2016/17			
Nie later as 1 jaar nie	92 438	3 568	96 006
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	116 315	2 513	118 828
Later as 5 jaar	27 039	-	27 039
Totale bruikhuurverpligtinge	235 792	6 081	241 873

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

21.2 Verpligtinge ten opsigte van finansieringsbruikhuurooreenkomste

2017/18	Masjinerie en toerusting R'000	Totaal R'000
Nie later as 1 jaar nie	27 548	27 548
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	39 742	39 742
Totale bruikhuurverpligtinge	67 290	67 290

2016/17	Masjinerie en toerusting R'000	Totaal R'000
Nie later as 1 jaar nie	26 122	26 122
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	56 617	56 617
Later as 5 jaar	25	25
Totale bruikhuurverpligtinge	82 764	82 764

Die Departement het soos op 31 Maart 2018 508 voertuie van Staatsmotorvervoer (SMV) gehuur ((Maart 2017: 508 voertuie). Dagtariewe is op 'n maandelikse basis betaalbaar en dek die bedryfskoste, kapitaalkoste van die vervanging van voertuie en die implisiete finansieringskoste in hierdie tipe reëling.

Die implisiete rente word gebaseer op die provinsiale tesourie se goedgekeurde tariewe vir SMV. Die Departement gebruik die voertuie vir die grootste gedeelte van die voertuig se nuttige leeftyd. Die ooreenkomst maak nie voorsiening vir voorwaardelike huurbetalings nie en aan die einde van die nuttige leeftyd, soos bepaal deur die bruikverhuurder, word die voertuie teruggegee en op 'n veiling verkoop tot voordeel van die bruikverhuurder.

21.3 Inkomste uit bedryfshuurooreenkomste

2017/18	Geboue en ander vaste strukture R'000	Totaal R'000
Nie later as 1 jaar nie	47 791	47 791
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	162 742	162 742
Later as 5 jaar	222 172	222 172
Totale ontvangbare inkomste uit bruikhuurooreenkomste	432 705	432 705

Die bruikhuurverpligtinge word bereken op grond van 'n kontraktuele verpligting tussen die Departement en die bruikhuurder en toon die bedrag inkomste wat na verwagting ontvang sal word. Dit kom neer op 45 bruikhuurooreenkomste. Die bruikhuurooreenkomste het 'n jaarlikse eskalاسie van tussen 0% en 10%.

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

2016/17	Geboue en ander vaste strukture	Totaal
	R'000	R'000
Nie later as 1 jaar nie	42 691	42 691
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	168 164	168 164
Later as 5 jaar	127 107	127 107
Totale ontvangbare inkomste uit bruikhuurooreenkomste	337 962	337 962

22. Opgelope departementele inkomste

	Aant.	2017/18	2016/17
		R'000	R'000
Belastinginkomste		20 013	32 726
Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates		80 180	89 424
Verkoop van kapitaalbates		843	-
Totaal		101 036	122 150

Daar moet voorts kennis geneem word dat indien onwettige okkuperders van staatseiendom nie huurooreenkomste onderteken nie tot dit gevolg kan hê dat die Departement die risiko loop om R0,804 miljoen aan huurinkomste per jaar te verloor. Kreditsaldo's ter waarde van R3,344 miljoen is nie ingesluit by die berekening van uitstaande skuld nie.

22.1 Ontleding van opgelope departementele inkomste

	Aant.	2017/18	2016/17
		R'000	R'000
Aanvangsaldo		122 150	119 906
Min: bedrae ontvang		(120 853)	(105 182)
Tel by: bedrae erken		100 964	107 426
Min: bedrae afgeskryf/omgekeer as onverhaalbaar		(1 225)	-
Eindsaldo		101 036	122 150

22.2 Opgelope departementele inkomste afgeskryf

	Aant.	2017/18	2016/17
		R'000	R'000
Huurgeld – onverhaalbaar		1 225	-
Totaal		1 225	-

22.3 Verswakking van opgelope departementele inkomste

	Aant.	2017/18	2016/17
		R'000	R'000
Beraamde verswakking van opgelope departementele inkomste		41 507	40 958
Totaal		41 507	40 958

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

Die verswakking word gegronde op debiteure wat aan die staatsprokureur en regsdiens vir verhaling oorhandig is.

23. Onreëlmatige uitgawes

23.1 Rekonsiliasie van Onreëlmatige uitgawes

	Aant.	2017/18 R'000	2016/17 R'000
Aanvangsaldo		-	4 942
Fout in vorige tydperk		-	-
Soos heraangegee		-	4 942
Tel by: Onreëlmatige uitgawes – verwant aan vorige jaar		-	-
Tel by: Onreëlmatige uitgawes – verwant aan lopende jaar		3	46
Min: Bedrae uit vorige jaar gekondoneer		-	(4 361)
Min: Bedrae vir lopende jaar gekondoneer		(3)	(30)
Min: Bedrae verhaalbaar (nie gekondoneer nie)		-	(597)
Min: Bedrae nie gekondoneer nie en nie verhaalbaar nie		-	-
Onreëlmatige uitgawes wat kondonering afweg		-	-
Ontleding van bedrae wat kondonering afweg per ouderdomklassifikasie			
Lopende jaar		-	-
Vorige jare		-	-
Totaal		-	-

23.2 Besonderhede van onreëlmatige uitgawes – bygetel lopende jaar (verwant aan lopende en vorige jare)

Insident	Disiplinêre stappe geneem/strafregtelike vervolging	2017/18 R'000
Oorskry perke ingevolge departementele spysenieringsbeleid (2 gevalle)	Opleiding verskaf/waarskuwingsbriewe uitgereik	3
Nienakoming: VKB-delegasies (1 geval)	Opleiding verskaf	-
Totaal		3

23.3 Besonderhede van onreëlmatige uitgawes gekondoneer

Insident	Gekondoneer deur (kondoneringsgesag)	2017/18 R'000
Oorskry perke ingevolge departementele spysenieringsbeleid (2 gevalle)	Tersaaklike owerheid	3
Nienakoming: VKB-delegasies (1 geval)	Tersaaklike owerheid	-
Totaal		3

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2018**

24. Verwanteparty-transaksies

Die departement het geboue gratis verskaf aan die volgende departemente sowel as aan entiteite wat aan hierdie departemente rapporteer:

- Departement van die Premier
- Provinsiale Parlement
- Provinsiale Tesourie
- Gemeenskapsveiligheid (insluitend polisie-ombudsman)
- Onderwys
- Gesondheid (insluitend Hospitaalfasiliteiterade van provinsiale hospitaal, nasionale gesondheidslaboratoriumdienste, Rooikruis-kindertrust, Grootte Schuur Hospitaal se fasiliteiteraad en die Kaapse mediese depot)
- Maatskaplike Ontwikkeling
- Plaaslike Regering en Behuising
- Menslike Nedersettings (insluitend tribunaal vir huurbehuising)
- Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
- Landbou
- Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
- Kultuursake en Sport
- Provinsiale Bedryfslisensieraad (POLB)/Provinsiale Reguleringsentiteit (PRE)
- Provinsiale Vervoerregistrator
- Staatsmotorvervoer
- Wes-Kaapse Raad op Dobbelaar en Wedrenne
- Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf
- Instansies vir hoër onderwys (insluitend Universiteit van die Wes-Kaap, Universiteit van Kaapstad, Universiteit van Stellenbosch en kolleges vir tegniese en beroepsowerwys en -opleiding)

Die Departement verskaf parkeerruimte vir staatsamptenare teen goedgekeurde tariewe wat nie markverwant is nie.

Met ingang 1 November 2010 ontvang die Departement korporatiewe dienste van die Korporatiewe Dienstesentrum van die Departement van die Premier in die Wes-Kaapse Provinsie ten opsigte van die volgende dienste:

- Inligting- en kommunikasietegnologie
- Organisasie-ontwikkeling
